# *VOORWAARDES VIR DEELNAME*

Burgers en permanente inwoners van Suid-Afrika en Namibië, en self burgers van beide lande wat tans oorsee woon, kom in aanmerking vir deelname. Enige deelnemer wat nog minderjarig is in sy/haar provinsie of land van verblyf, benodig die toestemming van 'n ouer of voog om aan die wedstryd deel te neem.
Werknemers van L'Art Poétique, en hul geaffilieerde instansies, sowel as hul onmiddellike familielede (vader/moeder, broer/suster, seun/dogter) en persone wat onder dieselfde dak bly, mag nie deelneem aan hierdie kompetisie nie.
Voorheen gepubliseerde outeurs mag tekste inskryf op voorwaarde dat die tekste oorspronklike werke is. Daar mag slegs een outeur per inskrywing wees.
Enige werke wat voorheen gepubliseer is, waarvoor GEEN vergoeding ontvang is nie, kom in aanmerking vir deelname.

# *REGTE*

Kandidate waarborg dat die werk wat hulle voorlê 'n oorspronklike en ongepubliseerde werk is wat deur hulle geskryf is en dat hulle alle regte daarop besit. Kandidate sal L'Art Poétique, en hul geaffilieerde instansies, vrywaar en skadeloos stel van en teen enige verlies, skade, koste en ander uitgawes wat voortspruit uit eise, ongeag hul aard, wat die direkte of indirekte gevolg is van die verbreking van hierdie waarborg.

## Verlening van regte deur kandidate

Deur die voorlegging van sy/haar werk, verleen elke deelnemer gratis en onherroeplik die volgende lisensies aan L'Art Poétique (vir Afrikaanse sowel as Engelse dienste):

- Die reg om 'n uittreksel van die ingediende werk te vertaal (nie meer as 15% van sy totale lengte nie).
- Die nie-eksklusiewe reg om 'n uittreksel van die ingediende werk te reproduseer en publiseer (nie meer as 15% van sy totale lengte nie) op die webwerwe en platforms beheer of gemagtig deur L'Art Poétique, in die oorspronklike taal sowel as in vertaling.
- Die reg om die werk wat in 'n bundel opgeneem is, te publiseer.

## Finaliste en wenners

Deur die aanvaarding van 'n prys, verleen die wenners en finaliste die volgende lisensies aan L'Art Poétique, vir die volle termyn van alle regte:

- Die reg om die werk te vertaal.
- Die reg om die werk in enige formaat te reproduseer en publiseer, insluitend op die webwerwe en platforms beheer of gemagtig deur L'Art Poétique en op enige toekomstige handelsware, in die oorspronklike taal sowel as in vertaling; gepubliseerde boeke kan deur die outeur aangekoop word.
- Die reg om 'n klank-/video-opname te maak deur middel van enige bestaande, of tans nog onbestaande, tegnologie, om voorlesings van werke of uittreksels daarvan te versprei of uit te saai in die oorspronklike taal of in vertaling, op L'Art Poétique netwerke en webwerwe/platforms beheer of gemagtig deur L'Art Poétique.
- Die reg om die werk te redigeer, verkort of uittreksels daarvan te maak met die oog op publikasie of uitsaai. (Die outeur sal geraadpleeg word indien aansienlike redigeerwerk nodig is.)

Ter wille van duidelikheid, die lisensies verleen aan L'Art Poétique deur die finaliste en wenners, geld vir alle gebiede regdeur Suid-Afrika (tensy 'n ander ooreenkoms aangegaan is met L'Art Poétique), en is eksklusief vir 'n jaar vanaf die datum van aanvaarding van die prys en nie-eksklusief daarna. Daarbenewens sal die finaliste en wenners, sowel as die mense wat hulle vergesel, of hul ouers of voogde indien die wenners minderjariges is, indien nodig instem dat hul naam en/of foto, insluitend hul foto en/of stem gratis kan gebruik word vir advertensiedoeleindes wat verband hou met hierdie kompetisie.
Hierdie lisensies sluit die regte in vir L'Art Poétique om sub-lisensies te verleen om die regte uit te oefen verleen deur hierdie lisensie.

# KATEGORIEË

Alle ingediende werke moet oorspronklike en ongepubliseerde werke wees. Tekste wat voorgelê word aan L'Art Poétique moet in Afrikaans of Engels geskryf word (werke geskryf in verskeie tale en vertalings kom nie in aanmerking nie). Die voorgelegde werk moet binne die kategorie val waarin dit ingedien word en mag nie die voorgeskrewe woordtelling vir daardie kategorie oorskry nie *. Werke mag ingedien word vir die volgende kategorie:

- **Poësie (maksimum 600 woorde; in vers of prosa) ***

*Woordtelling sluit alle woorde in bevat in die werk, insluitend maar nie beperk tot titels, voetnotas, inleidings, ens. Voorleggings oor of onder die gespesifiseerde woordtelling sal gediskwalifiseer word.

Ons woordlimiete vir elke kategorie sal streng toegepas word. Om woordtellings te bereken, sal ons u volledige voorlegging (die titel ingesluit) in Microsoft Word invoer en Word se woordteller gebruik. Aangesien Word slegs staatmaak op spasies om woorde af te baken, sal enige woord wat 'n koppelteken bevat ("vyf-en-twintig") of 'n apostroof ("'n", "s'n") as 'n enkele woord tel. Word tel ook elke lidwoord ("die", "'n", ens.) as 'n afsonderlike woord. Microsoft Word tel ook groepe karakters (byv. "xxx") sowel as simbole (byv. "***" of "~~~") outomaties as 'n woord.
**Deelnemers mag slegs drie (3) gedigte indien.** 'n Skrywer kan slegs een prys wen.

# HOE OM DEEL TE NEEM

## Alle voorleggings moet:

- Vergesel wees van die amptelike inskrywingsvorm en die ouerlike toestemming (elektroniese of gedrukte weergawe) indien van toepassing.
- Anoniem ingedien word: die naam van die deelnemer mag nêrens op die teks verskyn nie om die objektiwiteit van die beoordelaars te waarborg.
- In A4 formaat wees.
- In dubbel spasiëring getik wees.
- In 'n leesbare font en fontgrootte wees (Verkieslik 12 Times New Roman)
- **Handgeskrewe voorleggings sal aanvaar word indien die deelnemer geen toegang tot 'n rekenaar het nie.**
- **Stuur alle voorleggings, inskrywingsvorms per e-pos na lap@webmail.co.za**

## Beperkings:

- Alle voorleggings is finaal: geen veranderinge of vervangings word toegelaat nie.
- Geen tekste sal per faks aanvaar word nie.
- Geen redaksionele kommentaar sal op die werke gegee word nie.

## Fooie:

**DIE KOMPETISIE IS VOLLEDIG GRATIS.**

# Sperdatum vir inskrywings:

## Poësie

Die kompetisie open op 20 Augustus 2019
Sperdatum: 13 Januarie 2020

**Neem asb. kennis:** L'Art Poétique **mag hierdie sperdatum enige tyd wysig.**
Sperdatum vir inskrywings: alle werke moet ingedien wees op of voor 11:59 NM (CAT) op die dag van die sperdatum.
Wenners sal aangekondig word ongeveer drie maande na die sperdatum vir elke kompetisie op die georganiseerde Gala-Aand. Inligting oor die Gala-Aand sal per e-pos gestuur word.

# BEOORDELING

Werke word anoniem beoordeel op grond van die outeur se gebruik van taal, oorspronklikheid van onderwerp en skryfstyl.
Slegs die werk wat ingedien word, sal deur die beoordelaars oorweeg word; ander dokumente, illustrasies, diagramme ens. sal nie deur die beoordelaars in aanmerking geneem word nie.
Voorleggings word verwerk deur middel van 'n dubbelvlak stelsel in beide tale (Engels, Afrikaans) deur lesers en beoordelaars.
Die aanvanklike tekste word gekeur deur lesers gekies vir die betrokke kategorie uit 'n groep redakteurs en skrywers regoor die land. Elke teks word deur twee lesers gelees.
Die Engelse lesers stel 'n voorlopige lys op van ongeveer 100 tekste wat dan na 'n tweede groep van lesers aangestuur word, wat ongeveer 30 inskrywings sal selekteer wat die langlys uitmaak en na die beoordelaarspaneel aangestuur word.
Die Afrikaanse lesers stel 'n langlys op van ongeveer 20 tekste, wat na die beoordelaars aangestuur word.
Die Engelse en Afrikaanse beoordelaars sal alle inskrywings op die langlys lees en besluit op 'n kortlys van drie in elke taal, wat 'n wenner en twee naaswenners sal insluit. Die beoordelaars sal bestaan uit vooraanstaande skrywers en redakteurs uit die Suid-Afrikaanse literêre gemeenskap.
Alle pogings word aangewend om 'n balans van gender en diversiteit te handhaaf onder die lesers en beoordelaars om streeksverskille en tendense te weerspieël. Die lesers en beoordelaars verander elke jaar. Lesers en beoordelaars in die betrokke kategorie sal gekies word deur L'Art Poétique en geaffilieerde instansies. Alle besluite van die lesers en beoordelaars is finaal (op voorwaarde dat aan alle voorwaardes en toelaatbaarheidskriteria soos bepaal deur LAP voldoen word). Lesers se name is vertroulik tot die einde van die kompetisie om te verseker dat die beoordelingsproses anoniem bly.

## PRYSE

L'Art Poétique (die kuns van poësie), bied drie kontantpryse aan in elke kategorie en vir elke taal:

- Hoofprys: R 2000, werk gepubliseer in 'n bloemlesing, en 'n toekenning.
- Eerste naaswenner ontvang R 1000, werk gepubliseer in 'n bloemlesing, en 'n toekenningsertifikaat.
- Tweede naaswenner ontvang R500, werk gepubliseer in 'n bloemlesing, en 'n toekenningsertifikaat.

Daarbenewens sal L'Art Poétique blootstelling gee aan die wenners en hul werk op een of meer van sy platforms.
Deelnemers kan slegs een prys per kategorie wen. Deelnemers behou eienaarskap van hul werke, hoewel die regte om dit te reproduseer en aan die publiek te versprei ingeperk word deur die lisensies wat ingevolge hierdie reëls toegestaan word.
Pryse sal aanvaar word nes dit is en mag nie uitgeruil of oorgedra word nie. Geen vervangings sal toegelaat word nie.
Indien 'n prys nie kan toegeken word soos in hierdie reëls beskryf word nie, behou L'Art Poétique die reg om een of meer pryse of pryskomponente te vervang met 'n ander een van soortgelyke waarde.
Om as wenners verklaar te word, moet deelnemers voldoen aan al die voorwaardes en toepaslikheidskriteria wat in hierdie reëls uiteengesit word. Die wenners, of in die geval van minderjariges, hul ouers of voogde, moet inligting verskaf soos versoek deur LAP in hierdie verband, en moet 'n geskiktheidsverklaring vir deelname aan die kompetisie onderteken, soos uiteengesit in hierdie reëls, en moet L'Art Poétique en hul geaffilieerde instansies of agente, sowel as hul onderskeie direkteure, beamptes en werknemers vrywaar van enige aanspreeklikheid vir skade of verlies van enige aard, of dit voortspruit uit die deelnemer se betrokkenheid by hierdie kompetisie of uit die toekenning, aanvaarding of gebruik van die prys.
'n Wenner se weiering om 'n prys te aanvaar sal L'Art Poétique en hul geaffilieerde instansies of agente, sowel as hul onderskeie direkteure, beamptes en werknemers vrywaar van enige verpligting teenoor die wenner.

## ALGEMENE REËLS

Ingeval deelnemers enige vals verklarings aflê, word hulle outomaties gediskwalifiseer vir die kompetisie. Indien daar bewerings van plagiaat is, sal die beoordelaarspaneel 'n redelike ondersoek na die omstandighede instel, en indien daar vasgestel word dat plagiaat inderdaad plaasgevind het, sal die betrokke deelnemer gediskwalifiseer word en sal die prysgeld terugbesorg word. So 'n beslissing deur die beoordelaarspaneel sal finaal wees en geen appel daarteen sal moontlik wees nie.

L'Art Poétique en hul geaffilieerde instansies, sowel as hul onderskeie direkteure, beamptes en werknemers, aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies, skade of besering nie, insluitend sonder beperking: (i) verlore, gesteelde, vertraagde, beskadigde, verkeerdelik afgelewerde, laat, vernietigde, inkorrekte, onleesbare of onvolledige inskrywings; (ii) verlies, diefstal of beskadiging van sagteware of rekenaar- of telefoondata, insluitend enige skending van privaatheid; (iii) onvermoë van enige persoon om aan die wedstryd deel te neem vir enige rede, insluitend verkeerde adresse op pos of e-pos; tegniese, rekenaar- of telefoonfoute of ander probleme met aanlyn rekenaarstelsels, bedieners, diensverskaffers, rekenaartoerusting of sagteware; opeenhoping op die internet of enige webwerf, of enige kombinasie van die bogenoemde; (iv) skade aan enige persoon se rekenaar, insluitend as gevolg van die speel of aflaai van enige materiaal wat verband hou met die kompetisie; (v) enige vertraging of onvermoë om op te tree as gevolg van 'n gebeurtenis of situasie buite hul beheer, insluitend 'n staking, uitsluiting of ander arbeidsgeskil op hul verblyfplek of die plekke van die organisasies en besighede wie se dienste gebruik word om hierdie kompetisie te administreer of (vi) pryse wat verloor, beskadig of verkeerdelik afgelewer word tydens versending.

L'Art Poétique en hul geaffilieerde instansies sal geen aanspreeklikheid van enige aard aanvaar in enige gevalle waarin hul onvermoë om op te tree voortspruit uit 'n gebeurtenis of situasie buite hul beheer, insluitend meer bepaald 'n staking, uitsluiting of ander arbeidsgeskil op hul besigheidsplek of die besigheidsplekke van die organisasies of besighede wie se dienste gebruik word om hierdie kompetisie te hou.
Alle persoonlike inligting, soos u naam, adres, telefoonnommer en e-pos adres, word uitsluitlik ingesamel vir gebruik in verband met hierdie kompetisie, insluitend die administrasie van die kompetisie en sal nie vir enige ander doel gebruik word sonder u toestemming nie. Deur hierdie inligting te verskaf, stem u in dat dit vir die genoemde doeleindes mag gebruik word.
Deur in te skryf, stem deelnemers in om te voldoen aan die kompetisiereëls wat na goeddunke deur L'Art Poétique interpreteer en toegepas word. L'Art Poétique kan na eie goeddunke die beoordelaarspaneel raadpleeg vir sy interpretasie of toepassing van die reëls. Alle L'Art Poétique besluite is finaal en geen appel daarteen is moontlik nie.

### VERKLARING

***Ek (naam en van)*** ………………………………………………………………………………, bevestig hiermee dat ek die bepalings en voorwaardes van L'Art Poétique gelees en verstaan het.

***(Handtekening)***……………………………/ ***Handtekening van Voog of Ouer (indien van toepassing)***

## *SKRYWER SE BESONDERHEDE*

| | |
|---|---|
| *Naam en van:* | |
| *Identitititeitsnommer (I.D.):* | |

| | |
|---|---|
| *Selfoonnommer:* | |
| *E-pos adres:* | - |
| *Posadres:* | |
| *Straatadres:* | |
| *Bankbesonderhede:*<br>• *Rekeninghouer:*<br>• *Bank:*<br>• *Tak:*<br>• *Rekeningnommer:* | |

## *SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK*

| | |
|---|---|
| *Skrywer se publikasienaam:* | |
| *Titel(s) van gedig(te):* | |
| *Datum ingedien:* | |
| *Beoordelaar:* | |
| *Skrywer se publikasienommer:* | ***LAP*** |

